

Kerse brand tydens ’n Adoramusdiens in Stellastraat.

## Doendinge

Hier is ’n paar dinge wat ’n mens tydens Epifanie kan doen om jou bewussyn van hoe Jesus as mens geleef het, te verdiep:

- Gaan op ’n retreat. Dit help om die lewensritme te vestig van rustige tyd saam met God wat afwissel met besige tye wanneer ’n mens werk. Of woon ’n Adoramusdiens by. Stellastraat se Adoramusdiens is ons eie klein weeklikse stilword-retreat.

- Hou ’n wynproe om Jesus se eerste wonderwerk, toe hy vir ’n verleë bruidegkom water in wyn verander het. Gesels by die geleentheid oor die betekenis van Jesus se wonderwerke, oor die feit dat Jesus self graag by etes wyn gedrink het en dat ons hierdie gawe uit God se hand ook kan geniet.

- Eet saam met iemand wat anders as jy is of anders as jy dink. Jesus het dikwels sosiale grense oorgesteek, onder meer met etes. Volg sy voorbeeld.

- Hou ’n pannekoekete op die Dinsdag voor Aswoensdag. Aswoensdag is die begin van Lydenstyd en daar is ’n diep Christelike tradisie om tydens Lydenstyd van iets te vas, om soberder te eet. Dit het ook tradisie geword om om op die laaste dag voor Lydenstyd lekker te eet, en spesifiek om pannekoek te eet.